

SESSIE 9

LITERATUURWETENSKAP

'n Kritiese evaluasie van Breyten Breytenbach se "om Afrika te verbeeld"- aspirasie



Dr Alwyn Roux, senior lektor
literatuurwetenskap en kreatiewe
skryfkuns, Departement Afrikaans en
Algemene Literatuurwetenskap, Unisa



Prof dr Yves T'Sjoen, hoogleraar moderne
Nederlandse literatuur en geassosieerd
onderzoeker, Talen en Culturen en Vertalen,
Tolken en Communicatie, Universiteit Gent

Opsomming

In hierdie referaat word 'n kritiese evaluasie van Breyten Breytenbach se "om Afrika te verbeeld"-aspirasie in sy toespraak "Imagine Africa" in *Parool / Parole* (2015) voorgehou. Die referaat stel egter *nie* net ondersoek in na hiërdie toespraak nie, maar ook na Breytenbach se ander essays met dieselfde strekking, naamlik "Imagining Africa" in *Notes from the Middle World* (2009) en "Introduction: Africa lives!" in *Imagine Africa* (2011). Die evaluasie word met behulp van Karl Popper se referaat *Three Worlds* (1980:141-167) uitgevoer. Popper stel 'n pluralistiese siening van die wêreld voor, wat ten minste uit drie verskillende, maar interaktiewe wêreldes bestaan, naamlik: *wêreld 1* – die materiële wêreld van fisiese objekte; *wêreld 2* – die geestelike wêreld van die mens; en *wêreld 3* – die produkte van die menslike verstand. Die interaktiewe aard van die model behels dat die wetenskaplike vanuit sy of haar subjektiewe wêreld (*wêreld 2*), begrip moet toon van die objektiewe teorie (*wêreld 3*) vóórdat hy of sy die uitwerking op die fisiese wêreld (*wêreld 1*) kan toets, óf die objektiewe teorie (*wêreld 3*) kan wysig. Popper (1980:160) stel voor dat daar tussen *wêreld 2*-denkprosesse en *wêreld 3*-denkinhoude onderskei moet word. Die "denkprosesse" is "konkreet", omdat die

individu hulle op 'n sekere tydstip "gedink" het. In kontras hiermee staan "denkinhoude" as *wêreld* 3-objekte, wat sekere logiese verbande ten opsigte van die teorie se onderskeie aspekte veronderstel. In hierdie referaat word geargumenteer dat die drie doelstellings van die "Imagine Africa"-toespraak gesien kan word as die denkinhoude van hierdie *wêreld* 3-objek. Hulle is: (1) om Afrika te sien vir wat dit is, (2) om tussen die "werklike" en die "imaginêre" te onderskei, en (3) om die "verwagtingshorison" te bespied wat aan die jeug voorgehou word. Elkeen van hierdie drie abstrakte denkinhoude word egter deur konkrete denkproesse onderlê. Die doelstelling van die bydrae is dus om die verbande tussen die drie denkinhoude en die denkproesse krities te evalueer om sodoende die waarde van Breytenbach se "om Afrika te verbeeld"-aspirasie te bepaal en die tekortkominge daarvan aan die lig te bring.

Alwyn Roux is 'n senior lektor in literatuurwetenskap en kreatiewe skryfkuns aan Unisa se Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap. Hy ontvang sy doktorsgraad aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit in Afrikaans en Nederlands in 2015. Sy studie handel oor die latere poësie van Breyten Breytenbach en Lucebert vanuit 'n landskapfenomenologiese perspektief. Vir sy MA-verhandeling, wat handel oor Marlene van Niekerk en Adriaan van Zyl se romanteks *Memorandum: 'n verhaal met skilderye* (2006), ontvang hy die Marius Jooste-medalje vir die beste MA-verhandeling in Afrikaans in 2009. Hy publiseer 'n oorsig oor die lewe en werk van die Nederlandse digterskilder Lucebert (1924-1994) in *Verbintenis en venster* (2019) en lewer 'n besondere bydrae tot die SA Akademie se huldigingsbundel aan Breyten Breytenbach, getiteld *Woordenaar, woordnar* (2019). Tans is hy besig met 'n postdoktorale navorsingsprojek, wat befonds word deur Unisa se VisionKeepers-program, onder die mentorskap van prof. dr. Yves T'Sjoen van die Universiteit Gent. Hiervoor fokus hulle spesifiek op Breytenbach se "om Afrika te verbeeld"-aspirasie. Alwyn is die stigter en voorsitter van die interuniversitêre aanlyn platform *Samespraak, studiegroep vir Afrikaans en Nederlands* (www.samespraak.com). Hy is ook 'n medewerker van die podsending *Sitkamer*. Hy is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), PEN Afrikaans en die Letterkundeassosiasie van Suid-Afrika (LASA).

Yves T'Sjoen is hoogleraar moderne Nederlandse literatuur en geassosieerd onderzoeker van de vakgroepen Talen en Culturen & Vertalen, Tolken en Communicatie van de Universiteit Gent. Hij is voorzitter van de onderzoeksgroep Gents Centrum voor het Afrikaans en de Studie van Zuid-Afrika (UGent) en betrokken bij de onderzoekseenheden Teksteditie Literatuur in Vlaanderen, POWEZIE. Centrum voor poëzie en TRACE (Translation & Culture). Daarnaast is hij als buitengewoon hoogleraar verbonden aan het departement Afrikaans en Nederlands van Universiteit Stellenbosch en deeltijds aangesteld aan de Karelsuniversiteit in Praag. Hij promoveerde in de Germaanse filologie met een door de Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal en Letteren uitgegeven historisch-kritische studie van de poëzie van Richard Minne. Zijn omvangrijke publicatielijst bevat onder meer tekstedities. Met Els van Damme bezorgt hij kritische leesuitgaven met werk van Vlaamse schrijvers. Zijn publicaties richten zich niet alleen tot zijn collega's in de letterkundige neerlandistiek, maar ook zeer vaak tot het bredere publiek. Hij tracht, onder meer als "beskermheer" van het digitaal onderzoekportaal Samespraak, een brugfunctie te vervullen tussen Zuid-Afrika en Vlaanderen. Aan de UGent doceert hij Afrikaanse letterkunde, waarover hij geregeld publiceert, is actief betrokken bij verenigingen zoals SAVN (Suider-Afrikaanse Vereniging voor Neerlandistiek) en zetelt in adviesraden van internationale tijdschriften. In de faculteit Letteren en Wijsbegeerte (UGent)

is hij promotor van de leerstoel Zuid-Afrika: talen, literaturen, cultuur en maatschappij. Hij engageert zich tevens voor het gebruik van het Nederlands als wetenschapstaal en voor de toekomst van de neerlandistiek. Hij is mede-initiatiefnemer van het Platform voor de Neerlandistiek in Vlaanderen. In 2021 is hij verkozen als lid van de Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal en Letteren.

- ❖ **Bespreking van die referate en vrae aan die referente vind op 16 September 2021 om 14:00 tot 17:00 plaas.**